

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-05-22

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 224

(Bladsye 11 869 - 11 909)

HOF HERVAT OP 22 MEI 1987.

OUPA JOHN HLOMOKO, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : U Edele, die Staat wil graag op rekord plaas dat beskuldigde nr. 19 is afwesig soos gereël. Hy is na die hospitaal in Benoni vir X-strale. Ek wil graag ook versoek dat beskuldigdes nrs. 10 en 17 vanaf die verdaging om 11h00 verskoon word. Hulle het 'n afspraak by die distriksgeneesheer in Delmas.

HOF : Dit word toegestaan.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Hlomoka, (10) ek wil nou met u behandel die aspek van samewerking tussen AZAPO en ander organisasies. Dit is nasionaal maar ook in die Vaal. Ek wil net eerstens u verwys na BEWYSSTUK AP9. Dit is in boek 2. Ek wil net op rekord plaas hierdie is 'n dokument getiteld "Policy document of Azanian Student Movement". Stem u saam hierdie dokument is in u besit gevind? -- Dit is reg.

Kan u aan die Hof verduidelik hoe kom u in besit van hierdie dokument? -- Hoe ek dit bekom het kan ek nie so goed onthou nie, maar ek vermoed dat dit moes gewees het van een(20) van die lede van AZASM waar ek hierdie dokument gekry het.

Ek wil u verwys na bladsy 2 daarvan eerstens onder paragraaf 4. "AZASM recognises the role played by the historical movements and further maintains that the Azanian People's Organisation is the authentic overt liberation movement for the Black people and shall act as the mother body of all Black Consciousness organisations. AZASM will further forge working relations with the organisations of the oppressed and the exploited which are working towards a democratic anti-racist and socialist Azania." Is dit ook AZAPO se (30)

beleid/...

beleid dat AZAPO the "authentic overt liberation movement for the Black people" is en die "mother body of all Black Consciousness Organisations" is? -- Volgens my kennis is AZAPO eintlik die hoof van die Black Consciousness organisasies en dit is nasionaal. Ek sê dit is die hoof van die ander Black Consciousness organisasies omdat die lidmaatskap van AZAPO heelwat groot is en dit is nasionaal.

AZAPO, tree hy ook op in werklikheid as die "mother body" van ander Swartbewussynsorganisasies? -- Ek weet nie wat sê die ander organisasies van AZAPO nie. Dit is hoe ek(10) AZAPO beskou.

In die Vaal? Sien u die Vaal tak van AZAPO ook as die "mother body" plaaslik van die Swartbewussynsorganisasies in die Vaal? -- In die Vaal het ek nog nie gehoor van enige ander organisasie wat daar bestaan van die Black Consciousness nie, behalwe AZAPO. AZASM, soos ek sê, ons verwantskap was eintlik nie oor die manier van werk of die beleid van ons was eintlik nie dieselfde as dié van AZASM nie.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Dit gaan nou oor die Vaal, Lekoa. Was daar behalwe AZAPO in die Vaal self nog (20) Black Consciousness organisasies? -- Ja, vir die studente AZASM. Behalwe dat daar 'n skoliere-organisasie was, was daar nie ander organisasies nie. Die skole-organisasie is AZASM. Dit is waarvan ek geweet het.

Nou word dit aan u gestel dat AZAPO is die moederorganisasie in die Vaal van die skoliere-organisasie in die Vaal? -- Ek weet nie hoe word dit so gestel dat AZAPO nou die "mother body" is nie, maar ek was hier besig om te verduidelik wat die verwantskap is tussen ons met AZASM. Die beleid was nie dieselfde nie. Hulle het hulle eie beslissings gemaak op (30)

hulle/...

hulle eie as 'n liggaam.

MNR. FICK : Maar het hulle nie saam gewerk met AZAPO in die uitvoering van die beleid teen eerstens byvoorbeeld herdenkingsdienste wat hulle saam gehou het nie? -- Soos ek alreeds gesê het met die herdenkingsdienste wat gehou word, het ons hulle genooi om teenwoordig te wees as 'n organisasie van 'n Black Consciousness, maar dit beteken nie dat ons nou nie ander mense of organisasies kon nooi nie.

HOF : Ek het die indruk gekry uit u verduideliking vantevore asof AZASM in die Vaal nie eintlik aktief was nie. Is dit(10) so? -- Wat ek daar gesê het was dat wat ek wel van weet aangaande die organisasie was, ek het nog nooit gehoor dat hulle enige herdenkingsdiens georganiseer het nie. In plaas daarvan was hulle deur ons genooi.

Weet u of hulle iets anders gedoen het? Watter aktiwiteite het hulle wel gehad? -- Ek weet nie by die skole nie, maar selfs in die woonbuurtes het ek nog niks te hore gekom nie.

MNR. FICK : Was hulle nie ook betrokke by hierdie kampanje teen die raadslede se verkiesing nie? -- Op daardie tydstip(20) het hierdie organisasie ASASM nog nie in die Vaal bestaan nie. Daar was wel 'n lid van die organisasie wat van Turfloop af gekom het, dit is die Universiteit van die Noorde wat saam met ons was.

Wie is hy? -- Tsepo Sibuse.

Wat bedoel jy daarby "hy was saam met ons"? -- Daarby bedoel ek, by die vergadering wat ons in Sharpeville gehou het was die persoon teenwoordig en hy het gevra om iets te sê by die vergadering. Hy was toegelaat.

Wanneer sê jy het AZASM as 'n tak begin ontstaan in die(30)

Vaal/...

Vaal? -- Ek het nie die presiese tyd nie, maar dit was om en by die einde van die jaar 1983.

Was u teenwoordig by die stigting van die tak? -- Nee, ek was nie.

U het vir die Hof gesê in u hoofgetuienis dat u het opgetree en soms boodskappe geneem na die tak van AZASM? -- Dit is so.

Van waar het hierdie boodskappe gekom? -- Dit is die boodskappe wat ek ontvang het terwyl ek by die werk was te Johannesburg. (10)

Van waar af het die boodskappe gekom? -- Die boodskappe was eintlik briewe gewees wat deurgestuur was dalk deur die hoofkantoor van AZAPO, maar dit was boodskappe van briewe wat afgelewer moes word. Ek dink amper dit het van die hoofkantoor van AZASM af gekom.

Op dieselfde bladsy nog die beleid ten aansien van onderwys wat in paragraaf 5 uiteengesit word, is dit dieselfde beleid wat AZAPO het? Daar word gesê "We regard the education policy of the White settler regime as ethnic, dehumanising and bent on relegating Black people to perpetual servitude while at the same basis trying to create a leatest class within the Black nation. We recognise that education should be geared towards total liberation and we pledge to tirelessly strike towards this end." -- Ja, daar is sekere woorde heel bo-op die paragraaf wat ek nie so goed verstaan wat dit beteken nie, maar ek kan sê dat die min of meer dieselfde is met AZAPO se beleid. (20)

Ook die beleid ten aansien van vakbonde paragraaf 8 op dieselfde bladsy "We acknowledge trade unions as instruments that can bring about the redistribution of power provided/.. (30)

provided they go beyond problems of management and labour."

Het AZAPO dieselfde beleid? -- Ja, dit is so.

Dan wil ek vra in paragraaf 4 word gepraat van samewerking van AZASM "AZASM will further forge working relations with organisations of the oppressed, the exploited which are working towards a democratic, anti-racist and socialist Azania." Is dit ook AZAPO se beleid? -- Ja, AZAPO sê so, maar as ek reg onthou, sê AZAPO dat AZAPO gaan saam werk met die organisasies wat die Black Consciousness vertolk soos AZAPO dit vertolk. (10)

Ek sal terugkom spesifiek na AZAPO oor ander dokumente, maar stem u saam dit is nie wat hier staan in hierdie dokument ten opsigte van AZASM nie? Hulle beperk hulle nie tot samewerking met mense wat organisasies wat Swartbewussynsideologie aanhang nie? -- Ek sal nie in staat wees om die vraag te kan antwoord net op die paragraaf alleen nie. Dit sal vir my nodig wees om die hele beleid te lees om vir my te kan sê wat sê hulle wat die verwantskap is tussen hulle en die ander organisasies.

HOF : Kan ek dit op 'n ander vlak aanpak. Is AZASM - het AZASM se stigting voortgevloei uit AZAPO? Het AZAPO die (20) inisiatief geneem by die stigting van AZASM? -- Ek het nie sekerheid daarvan nie. Ek kan dus nie vir die Hof sê nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is dat ons het 'n sekretaris in AZAPO wat te doene het met onderwys. Wat die verwantskap is tussen daardie sekretaris en AZASM of die stigting an AZASM, weet ek nie.

MNR. FICK : Is dit ook korrek dat beide AZASM en AZAPO beskou die Swartwerker as "the vanguard of the deliberation movement"? --Ja, dit is korrek, met betrekking tot AZAPO. Ek weet nie wat AZASM se houding is nie. (30)

Ek/...

Ek wil u net verwys na paragraaf 3 op bladsy 2 heel bo. Daar word gesê "We believe that the Black working class inspired by Black Consciousness constitutes the vanguard of the deliberation movement." -- Wat AZAPO betref, sê ek ja, ek stem saam, maar nou, hier sit ek met die probleem, ek weet nie wat is AZAPO se vertolking van Black working class nie. Ek weet nie wat is AZASM se vertolking daarvan nie. As die vertolking dieselfde is met dié van AZAPO, dan stem ek saam, maar ongelukkig weet ek nie wat die vertolking is nie.

Ek wil u vat na die eerste bladsy toe nog steeds van(10) BEWYSSTUK AP9. Daar word uiteengesit wat word verstaan onder Swartbewussyn, paragraaf 1. -- Ja.

Paragraaf (c), verstaan u en AZAPO ook dat Black Consciousness beteken 'n "firm expression of the Black working class to assume full control of the power structures of a democratic anti-racist non-exploitative government." Is dit ook AZAPO se siening van wat Swartbewussyn beteken? -- Ek stem saam, dit is AZAPO se vertolking van Swartbewussyn.

Dan net die volgende paragraaf, sub-paragraaf (d) sê hulle ook dit is 'n "philosophy that relatively translates(20) itself into active opposition to government policies bent on estranging the Black people from themselves and active resistance to every form of injustice meted out to Black people." Is dit ook AZAPO se beleid? -- Dit is so.

Nou wil ek aan u stel, die verduideliking wat u vantevore gegee het dat AZAPO glo daarin om nie saam te werk met strukture van apartheid, soos u dit noem, is nie heeltemal reg nie. AZAPO werk nie net saam nie, hulle tree aktief op daarteen. Is dit korrek? -- Ja, dit is so, in die sin dat as 'n mens nou hierdie woord ontleed "to be actively opposed"(30) beteken/...

beteken dit jy opponeer dit aktief deur deelname te hê aan die boikotte. Dit is jou aktiwiteite wat aandui dat jy aktief dit opponeer. Byvoorbeeld as 'n persoon nie na 'n plek toe gaan nie, is dit 'n aanduiding dat die persoon aktief opgetree het in die sin dat hy dit opponeer omdat hy nie daar gegaan het nie.

Gee u dieselfde verduideliking ten opsigte van "active resistance"? -- Dit is so.

Daarby sal u insluit die aktiewe verspreiding van propaganda teen die raadstelsel en raadslede? -- Ek sal praat (10) van 'n sisteem volgens die AZAPO se bewerking van die opponering van dit wat plaasgevind het. Dit word gedoen met die oog daarop om dit bekend te maak wat die houding van AZAPO is en opponering daarvan.

Ek wil u verwys na paragraaf 2 op dieselfde bladsy. Is dit ook AZAPO se beleid dat "We believe that the entire country of Azania is an indivisible unit which is the sole property of the Black people"? -- Ja, maar die advokaat moet nie net lees tot by die punt wat die advokaat gelees het nie. Die advokaat moet alles lees. Dan dra daardie paragraaf (20) die boodskap oor in volle, want as u dit lees tot by daardie punt, beteken dit dat net Swartmense alleen sal die plek bewoon.

In die volgende sin staan daar "Hence we categorically reject the policy of separate development which arises from the myth that the Black nation is composed of separate units." -- Ja, dit is wat die sin sê.

En is dit ook reg, is dit ook AZAPO se beleid dat "The Azanian people will demand back with all the power at its command any alienated portion of the Azanian soil and (30)

Bantu/...

Bantu stan human dumping ground will be re-integrated to a unitary state of Azania." -- Ja, dit is so. Dit is nou eintlik die sin wat ek glo verduidelik die hele paragraaf wat eintlik bedoel word met die paragraaf.

HOF : U sê dit is AZAPO beleid as ek u reg verstaan. Dit is korrek, nê? -- Ja, dit is so.

Wat verstaan u onder "Bantu stan human dumping grounds"? U hoef nie te verduidelik waarom u dit "human dumping grounds" noem nie. Ek wil net weet verstaan u onder "Bantu stan", die tuislande wat nie onafhanklik is nie of verstaan u ook(10) daaronder die onafhanklike gebiede wat voorheen deel van Suid-Afrika was? -- Nee, beide voorbeelde van u pas nie by wat ek verstaan nie.

Met ander woorde Bantoestan hier bedoel nie die Transkei nie? -- O, nee, miskien het ek nie mooi verstaan nie. Ek sal sê dit geld vir beide, die onafhanklik en dié wat nog afhanklik is.

Met ander woorde, dit geld vir sowel 'n gebied soos die Transkei en Bophuthatswana as vir 'n gebied soos Lebowa en Gazankulu? -- Dit is so. (20)

Dit alles word verstaan onder Bantoestan? -- Dit is so.

Hoe voorsien AZAPO sal die onafhanklike state soos Transkei en Bophuthatswana in hierdie bedeling inkom wat u voorsien? -- AZAPO se beleid is dat die Swartmense nie verdeel moet word nie. Die beleid van AZAPO is dat die Swartmense bymekaar moet bly. Hierdie wat mense sê is onafhanklik is net daardie etniese groep wat onafhanklik is en volgens AZAPO is dit nie reg nie. Die mense moet as een geneem word en daar moet nie verskillende onafhanklikheid wees vir sekere etniese groepe nie. (30)

Maar/...

Maar wat maak u nou met Swaziland byvoorbeeld in u bedeling? Swaziland is ook 'n onafhanklike staat? -- Ek weet eintlik nie, maar wat ek verstaan is dat die vryheid of onafhanklikheid van Swaziland en Botswana is nie dieselfde tipe as dié van die tuislande nie.

MNR. FICK : Ek verstaan nog nie hoe gaan AZAPO byvoorbeeld die Transkei wat nou gekies het om onafhanklik te word, hoe gaan u te werk gaan om hulle nou weer terug in die Republiek te kry teen hulle sin nie? -- Ek glo nie dat die meerderheid van die burgers van Transkei verkies het om onafhanklik te(10) word nie. Hoekom, want ons sien die meerderheid van die mense kom terug hiernatoe, los hulle vrouens agter om te kom werk hier en hier kom bly vir maande, terwyl die vrouens agtergebly het.

Ek stel dit aan u net kortliks dat hierdie beleid van AZAPO kan net op 'n oorlog uitloop? -- Nee, ek stem nie saam met die stelling nie, want AZAPO, self die president van AZAPO by die kongres van 1984 het dit spesifiek genoem dat die gedagte in die meerderheid van mense wat bymekaar gekom het met gedagtes, is sterker as die gebruik van wapens. (20)

Ek wil met u oorgaan na 'n volgende dokument, BEWYSSTUK B2 volume 1. Ek identifiseer dit as die stukke by die derde jaarlikse kongres van AZAPO gehou 4 tot 6 Februarie 1983 en ek verwys u na die president se toespraak, die president van AZAPO Khehla Mthembu. Dit is bladsy 12. Die toespraak begin op bladsy 11. Hierdie dokument is in u besit gekry? -- Dit is so.

Wanneer het u hierdie dokument ontvang? -- Dit was om en by die einde van die jaar 1983.

Op bladsy 12 - hierdie hele toespraak van die president(30)
van/...

van AZAPO gaan oor die tema "Mobilise and consolidate". Stem u saam? -- Miskien kan dit so wees. Ek het dit nog nie vertolk nie.

U antwoord verbaas my. Stel u nie belang in die president se toesprake wat hy gelewer het by hierdie kongresse nie? -- Wat ek sê is, op die huidige oomblik weet ek nie of dit nou so is nie, soos u dit aan my stel, want ek het al gesê dat ek hierdie ding bekom het om en by die einde van die jaar. Dit kon gewees het November of Desember 1983. Dit beteken nie dat ek nie 'n belang het by die toespraak nie. (10)

Ek wil u verwys na die middelste kolom op bladsy 12 die tweede paragraaf en wel die tweede deel daarvan. Die sin begin met "Alliances with other genuine progressive Black organisations must be sought. AZAPO is duty bound to lead the campaign to oppose the president's council as it is the only overt national liberation movement." Is dit AZAPO se beleid? -- Ja, dit is so. U moet net nie vergeet dat as u praat van die "genuine Black organisations alliance," dit beteken hierdie beslissing is onderworpe aan daardie beslissing. (20)

HOF : Wie het u daar in gedagte? Wie is "genuine progressive Black organisations"? -- Volgens my, is dit hierdie organisasies as AZAPO dit nou oorweeg om iets met hulle te doen te hê, sodat daar nie iets moet wees wat verdag is vir AZAPO aangaande daardie organisasies nie.

Maar nou as u dit daar lees, watter organisasies het u in gedagte? Gee my die name? -- Black Women Unite, BAMCAU.

Wat is dit? -- Black Allied Mining and Construction Allied Union, as ek nie verkeerd is nie. Dit val my nou net nie by wat die name alles is nie, maar dit beteken al (30)

die/...

die organisasies wat aan Black Consciousness glo wat natuurlik nie 'n gedeelte is van AZAPO nie.

MNR. FICK : Pas AZANYO hierin? -- AZANYO is nie 'n Black Consciousness nie, maar soos ek sê, ek het hulle af en toe gesien by die kongresse. Ek het hulle teenwoordig gesien by die kongres as "observers". Ek het hulle by 'n kongres gesien, nie kongresse nie.

'n Organisasie soos Soweto Civic Association of Committee of Ten, sal u hulle daar insluit? -- Ek het gesien by die kongres dat hulle naam verskyn het. Ek het nie 'n goeie (10) kennis daarvan of hulle daaraan glo nie.

HOF : Hoe bedoel u hulle name verskyn? -- As ons die saal binnegaan, word die organisasies wat verteenwoordig word by hierdie kongres, se name aan die muur binne-in die saal opgesit.

En op baniere? -- Ja.

Wat was daar? Die Soweto Civic Association of die Committee of Ten of albei? -- Een van die twee, maar watter een kan ek nie meer onthou nie.

MNR. FICK : Hulle was verteenwoordigers op hierdie kongres (20) die Committee of Ten of die Soweto Civic Association? -- Hulle was teenwoordig gewees, maar of hulle nou daar was as afgevaardigdes en of hulle daar was as verteenwoordigers weet ek nie.

HOF : As 'n mens 'n afgevaardigde is, dan beteken dit jy verteenwoordig 'n tak van AZAPO. Is dit reg? -- Ja.

MR BIZOS : We are not absolutely certain but we do believe that the witness used the word "observer" in English which did not come out in ... (Court intervenes)

COURT : I wrote it down. When? Previously? (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : No, now.

COURT : Yes, he said he did not know whether they were "afgevaardigdes" of "observers".

MR BIZOS : Did Your Lordship hear "observers"?

COURT : I do not know whether I heard it from the interpreter or whether I heard it from the witness.

MR BIZOS : I think the witness said "observer", but the interpreter said "representative". -- Ek het self die woord gebruik "observer". Yes, I did use the word "observer".

MNR. FICK : In dié verband wil ek u verwys na dieselfde (10) dokument waarmee ons besig is B2 bladsy 41 die heel laaste bladsy. Dit is aan die einde van die besluite is daar 'n kolom "Organisations represented" in die middelste kolom. Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Daardie eerste een BAMCAU, dit is die eerste een wat u genoem het as 'n Swartbewussynsorganisasie?

HOF : Laat ons nou nie almal gaan deurlees nie. U kan liever net uithaal wat is nie Swartbewussyn nie.

MNR. FICK : Dan wil ek u verwys na die laaste kolom onder dieselfde hoof nog "Organisations represented" punt nr. 15(20) daar word gesê "Organisations represented Committee of Ten - Soweto Civic Association." -- As dit die dokument is van die jaar 1983, in daardie tyd is ek daarvan bewus dat 'n lid van AZAPO ook 'n lid was van die Committee of Ten, naamlik mnr. George Wachope.

HOF : Hy was 'n lid van AZAPO en 'n lid van die Committee of Ten? -- Dit is so.

Terwyl ons hier is, wat is "fraternal solutions"? -- Nee, ek weet nie. Ek is nie seker nie, maar ek weet nie of dit nou briewe of dokumente kan wees wat voorgelê word vir(30)

die/...

die vlot verloping van die kongres nie. Ek dink amper so.

Ons het mos h naam gehad van Nefolobotwe hier in die hof? -- Ja.

Is dit die naam wat daar staan onder nr. 6 onder "list of former Robben Island prisoners"? Is dit daardie naam?

-- Dit is so.

Is dit die persoon? -- Ja, dit is so.

Dan het ons die naam intussen verkeerd gespел. Is dit die regte spelling? -- Ja, dit is die regte spelling daarvan. Dit is in Venda. (10)

Dit is Nefholovhodwe.

MR BIZOS : Might we mention in relation to Your Lordship's query that it is salutations probably.

COURT : "Fraternal Salutations." That may well be.

MNR. FICK : Die kwessie van die Committee of Ten en die Soweto Civic Association, sal u saamstem dat die Committee of Ten is basies die bestuur van Soweto Civic Association? -- Ek het nie h idee nie.

Dan wil ek hê u moet gaan na bladsy 34 van dieselfde dokument. Dit is deel van h stuk opgestel deur Neville (20) Alexander getiteld "National situation" wat op bladsy 25 begin. -- Ja, ek sien dit.

Ek wil u verwys na die laaste kolom die paragraaf wat gemerk is 3. Daar staan "We have to build up a national united front of all people's organisations in order to fight for full democratic rights for all and an end to the system of racial capitalism. Such a front must not be an alliance of ethnically defined organisations but an alliance of workers, communities, students, youth, sports and other organisations of the people. Ambulant and opportunist elements/...

e

elements such as White and Black organisations of liberals who are not committed to the total liberation of the people of Azania. Those who are merely concerned with the elimination of superficial aspects of apartheid must be excluded from such an alliance of organisations." Is dit AZAPO beleid? -- Ek het 'n probleem hier met die dokumente wat by die kongres gelees word, dan vra ek u nou of dit AZAPO se beleid is. In die eerste plek, volgens my kennis, Neville Alexander is nie 'n lid van AZAPO nie en met dit, as hy nie 'n lid is van AZAPO nie, dan kan hy nie vir AZAPO gaan sê (10) wat AZAPO moet doen nie.

HOF : Maar wat is hy dan? -- Wat sy organisasie is waar hy 'n lid is weet ek nie, maar dit was iewers in die Kaap, Wes-Kaap of daar rond, maar ek is nie seker presies waar nie. Maar dit is in die Kaap.

MNR. FICK : Hierdie toesprake wat gegee word, weet u dit is aanvaar deur AZAPO op die kongres? -- Ja, dit is so. 'n Dokument wat ingehandig word deur 'n persoon waarin 'n persoon sy gedagte aan die kongres oordra word aanvaar sodat daar besprekings uitgevoer kan word oor dit wat die persoon (20) in gedagte het in die dokument. Wat dan gebeur is die volgende. Dalk sal die dokument onmiddellik by hierdie kongres bespreek word. By die bespreking van die dokument, beteken dit die inhoud van hierdie dokument, die idee wat daar bevat word, sal onmiddellik by hierdie kongres bespreek word of op 'n latere stadium. Partykeer word dit net daar gelaat. Met ander woorde, dit word dan aanvaar dat dit verwerp is.

Nou vra ek u, is dit AZAPO se beleid wat hier weergegee word soos u AZAPO se beleid verstaan dat "We have to build (30)

up/...

up a national united front of all people's organisations in order to fight for full democratic rights"?-- In dieselfde jaar 1983 was daar 'n byeenkoms van die organisasies gewees. Ek neem aan dit was gedoen as gevolg van die woorde wat hierdie persoon gebruik het in hierdie boodskap, wat dit aangemoedig het. Ek beskou dit as 'n moontlikheid. As hy, dit wil sê die persoon, die enigste persoon is wat daarvan gepraat het by die kongres.

HOF : Die byeenkoms, wat was die naam? Het dit 'n naam gehad?
-- National Forum. (10)

Is dit die eerste keer wat daar 'n National Forum was? -- Volgens my kennis, ja, van die tyd wat ek by AZAPO aangesluit het.

MNR. FICK : Nou wil ek aan u stel dat dit AZAPO se beleid is en dat dit hieruit blyk dat AZAPO ook met organisasies soos UDF ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar staan dit in hierdie paragraaf? As u die laaste deel lees wil hulle niks te doen hê met "Black and White organisations of liberals" nie.

MNR. FICK : Ek sal die vraag daar los. Kan u verwys na (20) die volgende dokument in dieselfde volume nog B5. Vir rekorddoeleindes dit is 'n briefhoof van AZAPO Azanian People's Organisation gedateer 2/3/84 geskryf deur Thabo Ndabeni nasionale organiseerder en hy is geadresseer aan "The Secretary United Democratic Front, Khotso House, De Villiers Street, Johannesburg. We are holding a commemoration service on 21 March 1984 between 13h00 and 14h00 at Khotso House in memory of the Sharpeville shootings. It would therefore greatly please us if you could send a speaker from your organisation." Het u so 'n "commemoration service" (30) bygewoon/...

bygewoon te Khotso House, Johannesburg? -- Nee, ek het nie.

Ek stel dit aan dat dit hieruit blyk dat AZAPO bereid is om saam met UDF te werk? -- Ek sien hier in hierdie brief word melding gemaak van 'n herdenkingsdiens. Die samewerking wat u van praat verstaan ek nie. Hier word melding gemaak van 'n herdenkingsdiens. Dit wil sê om te herdenk aan wat gebeur het op 'n sekere datum en die mense word hier versoek of genooi om 'n spreker teenwoordig daar te hê.

Ons sal terugkom na daardie antwoord toe by 'n latere dokument. Ek wil u nou verwys na BEWYSSTUK B18. Dit is (10) volume 2. Ek sal dit identifiseer as die stukke van die vierde kongres 1984 van AZAPO en dit is 'n stuk wat opgestel is deur mnr. P.C. Jones.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is die kongres wat u self bygewoon het? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Die opskrif van die stuk is "Reaching the people." U het hierdie besondere voorlesing bygewoon? -- Dit is so.

Hierdie besondere voorlesing is onder andere aanvaar in die kongres? -- Tydens die aflê van die toespraak het (20) ek 'n kopie daarvan gekry.

HOF : Het die kongres verskil van die spreker? -- Verskil? In watter sin? Dat 'n spreker miskien gestop word en gesê word direk "Kyk, ons stem nie saam met wat jy sê nie" of hoe verstaan ek u?

Of later tydens besprekings? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

MNR. FICK : U self het saamgestem? -- Ek verstaan nie wat u bedoel nie? Saamgestem met wat? Ek het dit gelees.

Het u saamgestem met die voordrag? -- Ek kan nie meer (30)
onthou/...

onthou of ek saamgestem het of nie.

U het nie daarteen gestem op die kongres nie?

MR BIZOS : Was there a vote on this?

HOF : Nee, u kan dit nie so stel nie. U moet eers vra of daar 'n stemmery was oor die ding.

MNR. FICK : Was daar 'n stemmery oor hierdie voorlesings? --
Nee, daar was nie.

Het u vir enigiemand na die tyd gesê u stem nie saam met enige van hierdie voorlesings wat op die kongres gegee is nie? -- Nee, ek het nie. Laat ek dit so aan u verduidelik. Hierdie tipe dokumente wat my betref is baie moeilike dokumente. Ek het genoeg tyd nodig om dit deeglik te kan lees en te ontleed om in staat te wees om kommentaar te kan lewer. Die dokumente was daar aan ons gegee. Dit wil sê die afskrifte van die voorbereide toesprake van die sprekers was aan ons in hierdie kongres gegee. Ek het nie dadelik begryp presies wat die persoon sê in hierdie voorbereide toespraak nie. Dus het ek tyd nodig gehad om dit by die huis op my tyd te gaan lees. Ek was wel voorsien van afskrifte.

En uiteindelik het u saamgestem toe u dit by die huis (20) gelees het? -- Ek sal nie so sê nie. Daar is wel sekere dinge waarmee ek saamgestem het. Daar is van die dinge waarmee ek nie saamgestem het nie. Daar is ook van die dinge wat ek eintlik nie verstaan het nie.

Ek verwys u na bladsy 5 van B18 onder die hoof "Workers United Front / Popular Front." Die eerste paragraaf "AZAPO states very clearly that Black solidarity is an imperative's element in its strategy and it is therefore committed to develop an even greater unity of the oppressed and the exploited people than that which is represented by the (30)
national/...

national forum in its present form." -- Ja, dit is hoe dit geskryf is hierso.

Wat verstaan u onder "Black solidarity"? -- Ek verstaan dat die persoon praat van gesamentlik op te tree, byvoorbeeld om nou simpatiek te wees met 'n ander persoon oor 'n sekere ding wat gebeur het.

K716

By die National Forum wat hier van gepraat word, was daar net organisasies wat aan die ideologie van die Swartbewussyn glo? -- Nee, ek weet nie. Ongelukkig het ek nog nie vantevore vergaderings van die National Forum bygewoon(10) nie. Volgens berigte wat ek in die koerante gelees het, is dit nie net die Swartbewussyn se organisasies wat by die National Forum betrokke is nie.

HOF : Watter soort organisasies is daar ook? -- Ek kan hulle liewers beskryf as non-alliant, maar dit bly staan dat daar is organisasies wat nie "Black Consciousness" is nie.

As u iets "non-alliant" noem, dit beteken dan dat hy nie in een of ander kamp is nie. Watter soort organisasies bedoel u, wat nie by watter kampe ingeskakel is nie? -- (20) Daar is organisasies van Swartbewussyn en daar is organisasies wat daaraan glo dat daar Blankes ook betrokke moet wees in die organisasie. Die meeste van hierdie soort van organisasies sien ek by UDF. Dit wil sê waar daar 'n mengsel is van rasse. AZAPO is die grootste Swartbewussynsorganisasie in hierdie land. Dit is my siening daarvan, naamlik AZAPO en nog ander organisasies wat Swartbewussyn is, val by een kategorie en dan het 'n mens die ander wat dan die mengsels aanvaar, wat onder die UDF val.

Watter is die "non-alliant"? -- Organisasies soos (30)

AZANYO/...

AZANYO en nog ander wat nie aan my bekend is nie as 'n gedeelte van die National Forum.

MNR. FICK : Die volgende paragraaf "During this time of offensive by the State and imperialism we must try to involve all the organisations claiming to be part of the workers movement including the most moderate and those with the most opportunistic and revisionist leadership. This unity must be effected at national regional and local leadership level. The only condition is that we reject any alliances between the liberal bourgeoisie and the workers movement.(10) Only organisations of the oppressed and exploited can be included." Het u dit gelees? -- Ja.

Ek stel aan u hieruit blyk dit dat alle organisasies wat deel vorm van die sogenaamde onderdrukte en uitgebuitenes is welkom in so 'n "united front" wat AZAPO beoog? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek was nie teenwoordig nie.

Hoe gee u so 'n antwoord? U was dan op die kongres?
HOF : Ek dink die antwoord is miskien nie begryplik nie, maar die paragraaf soos u hom vertolk is ook nie noodwendig die vertolking daarvan nie. Wat verstaan u onder "liberal bourgeoisie"? -- Ek is daarvan bewus dat dit eintlik van (20) 'n sekere groep van Blankepersone praat. Watter groep dit is, is ek nie seker nie.

Kyk, dit kan natuurlik die Nasionale Party wees, die Progressiewe Federale Party of dit kan NUSAS wees of dit kan die Black Sash wees. Nou watter soort groep dink u is die "liberal bourgeoisie"? -- Al is ek nie so goed op hoogte daarvan nie, maar wat my betref, sover, word daar verwys met die gebruik van hierdie woorde na die Blankepersone wat besig is om namens die Swartmense te praat. Dit wil sê die wense van Swartmense te meld. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Op dieselfde bladsy net bo hierdie paragraaf getiteld C, word daar gesê "At this stage I think it is important for me to state that although AZAPO has clarified its own position on Whites, that it takes full responsibility for this position. For the purpose of co-operation with other organisations, it will co-operate with any organisation of the oppressed. We have not as yet taken a clear policy stand on this question." -- Ek verstaan dit.

Stem u saam dit mag ook organisasies hier insluit wat nie slegs Swartbewussynsideologie aanhang nie? -- Ek (10) verstaan hierdie paragraaf soos volg. Die persoon hierso bedoel dat AZAPO sal bereid wees om saam te werk met die organisasie wat nog nie h besluit geneem het of die organisasie nou saam gaan werk met die organisasies wat Blankes insluit nie, maar dit verstaan ek dat AZAPO sal saam met hulle werk met die oog daarop om die mense te oorreed dat daardie organisasie saam moet werk met h organisasie wat dan h Swartbewussynsorganisasie is.

HOF : Beskuldigde nr. 19 is terug.

MNR. FICK : Ek wil u in dieselfde stuk verwys na bladsy (20) 9 onder die opskrif "Democratisation. We must not underestimate our people. No small group can bring about liberation on its own. Experiences must be shared and taken to the people. By encouraging democratisation we will prohibit opportunistic manipulation of our people. This affirmation of workers democracy in its democratic forms of organisations of worker struggle also proclaim a characteristic of tomorrow's estate, the extension and not the destruction of democratic freedom." Wat verstaan u onder "no small group can bring about liberation on its own. Experiences must be shared (30) and taken/...

and taken to the people"? -- Waar die persoon praat van "no small groups", verstaan ek onder dit dat die persoon sê n persoon wat alleen staan moenie dink dat dié weet en die persoon moenie die kennis vir homself hou nie. Onder demokrasie verstaan ek hom om te sê dat dit nie vir jou alleen moet wees wat jy van weet nie.

Ek wil u verwys na BEWYSSTUK M2 die eerste bladsy. Ek sal dit identifiseer as "The minutes of general council meeting held on 12 November 1983 UDF Transvaal." Ek wil u verwys na paragrawe 6.8 en 6.9. Eerstens word hier (10) gerapporteer dat daar n herdenkingsdiens gehou is ten aansien van die dood van sekere studente by Ngoya op 3 November 1983 en dat hierdie vergadering toegesprek was deur AZAPO - UDF, AZAPO, AZASO, SOYCO, SAAWU en CUSA. -- Ja, dit is so.

Weet u van hierdie herdenkingsdiens wat gehou was? -- Nee, ek was nie daar teenwoordig nie.

Wat die volgende paragraaf betref 6.9 "A UDF delegation met AZAPO on 10 November 1983. AZAPO will not affiliate with UDF. They will, however, co-operate with the UDF on issues which do not compromise the principles or policy." (20) Hierdie beslissing, is dit aan u oorgedra in die Vaal? -- Nee. Eintlik wat gebeur het by die raadsvergadering wat ek bygewoon het in Kaapstad in Oktobermaand was melding by hierdie raad se vergadering gemaak van UDF. By die vergadering het ons dit duidelik gestel dat ons as takke stem nie daarmee saam dat AZAPO aan UDF affilieer nie en ons het dus n verdere versoek gerig dat dit na n kongres toe verder uitgevoer moet word.

Maar afgesien nou van die affiliasie, het julle op hierdie nasionale raadsvergadering van julle die kwessie (30) verder/...

verder bespreek van samewerking met UDF? -- Nee.

U het gister vir die Hof gesê dat as daar 'n verandering kom in die beleid ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik, voor u daardie vraag stel. Met ander woorde, sê u dat die berig wat die sekretaris van die UDF Transvaal aan die algemene vergadering van UDF Transvaal gemaak het op 12 November 1983 soos weergegee in 6.9 van die notule verkeerd is? -- Nee, ek sê nie so nie. Wat ek sê is dat ons het die rigting daar bespreek watter rigting gevolg moet word, naamlik dat ons nie stem dat daar (10) geaffilieer moet word nie, maar die raad is nie die liggaam wat die beleid maak van die organisasie nie. Ons het net daar besprekings uitgevoer en dit bespreek onder die vlerk van die besturende komitee.

Hier is twee dinge wat ter sprake is. Die eerste is die affiliasie en die tweede is die stelling van die sekretaris dat AZAPO "will however co-operate with the UDF on issues which do not compromise their principles or policy." Is daardie stelling volgens u verkeerd of weet u nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek sal in staat wees om vir die (20) Hof te kan sê van wat in die Vaal plaasgevind het. Wat die beleid van AZAPO was by die Vaal tak. As dit nou miskien so aanvaar was of so bespreek was, soos dit nou gestel word hier op hierdie punt, dra ek geen kennis daarvan nie.

MNR. FICK : Vandat UDF gestig is, eers die streke, in 1983 gedurende die loop van die jaar tot Augustus toe UDF nasionaal gestig is, het AZAPO enige vergadering gehou en besluite geneem van wat hulle standpunt ten opsigte van UDF is? -- Ek weet nie. Wat ek wel van weet is die vergadering waarvan ek melding gemaak het wat in Oktobermaand 1983 (30) gehou/...

gehou was. Dit is die raad se vergadering waarna ek verwys.

Maar het u nie van u kant af as voorsitter van die Vaal gaan navraag doen by die hoofkantoor van AZAPO wat moet ek maak met hierdie UDF, wat moet ons houding wees ten opsigte van hierdie nuwe organisasie nie? -- Nee, omdat ek weet dat die beleid van AZAPO by die kongres gemaak word.

U verstandhouding ten opsigte van die beleid van AZAPO soos deur die kongresse bepaal is, het dit u veroorloof om saam met UDF of sy geaffilieerdes te werk of nie? -- Volgens my siening van UDF destyds het ek nie gedink dat UDF 'n (10) organisasie is nie. Ek het gedink daaraan dat UDF 'n front is. Dus het ek dit nie oorweeg dat dit ooit in staat kan wees om in samewerking te wees met AZAPO nie. Verskoon my, ek het 'n woord gebruik. Ek het gedink dit is 'n organisasie en nie 'n front nie. As gevolg daarvan het ek dus 'n houding ingeneem teen die organisasie, ek as 'n persoon. Dit sluit in die ander lede van AZAPO in die Vaal saam met wie ek in staat was om te gesels.

HOF : Maar nou, is die kwessie van samewerking tussen AZAPO en UDF, was tog seker 'n belangrike kwessie teen die einde (20) van 1983? -- Ja, dit is so.

Nou is dit dan bespreek op die eersvolgende kongres aan die begin van 1984? -- Dit is so, ja.

Het ons die stukke van daardie kongres van 1984?

MNR. FICK : Dit is B17 of B18.

MR BIZOS : I cannot give Your Lordship the number, but it was laughed out, if I remember correctly, when the report was made.

HOF : Het u dit gevind in hierdie stukke B18, die gesprekke, die debat daarvan? -- Dit is in die W reeks. Ek weet net (30)

nie/...

nie W wat nie.

HOF : Nie B nie, maar W? -- ja.

Weet u van n dokument in die W reeks?

MNR. FICK : Ek weet van n dokument in die W reeks, maar ek sal dit met die getuie behandel, maar ek wil dit nie graag op hierdie stadium aan hom stel nie.

HOF : Nee, maar eerste klas, dan kan ons later daarby kom.

Ek wil graag weet, waar op die dokumentasie is daar iets oor hierdie aspek? -- Dit kan die W reeks wees of die U reeks.

Ek is nou nie meer seker nie. Dit is n publikasie. Dit(10) is nie n gewone dokument nie.

Nee, dankie, ons sal seker daarby kom òf in die kruis-ondervragig òf in die herverhoor.

MNR. FICK : Is op hierdie kongres in 1984 verwys na enige samesprekings wat met UDF gehou was op 11 November 1983? -- Ja.

Wat is daaroor gesê? -- Wat daar gesê was in die verslag was dat AZAPO en UDF al bymekaar gekom het by AZAPO se kantore twee of drie keer met die oog daarop dat dit beoog was dat AZAPO by UDF affilieer. Ek kan net nie verder onthou wat(20) die besprekings was daaromtrent of daar enige kommentaar gelewer was nie.

HOF : U bedoel van die kongres se kant af? -- Nee, wat ek nie kan onthou nie is die verslag wat ek nie ten volle kan onthou wat presies gesê was toe die verslag gedoen is aan die kongres nie.

En is die verslag bespreek? -- Ja.

En wat was die uitslag? -- Dat ons nie by UDF sal affilieer nie.

GETUIE STAAN AF.

(30)

HOF/...

HOF VERDAAG.HOF HERVAT.OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

MNR. FICK : Die Staat wil net op rekord plaas dat beskuldigdes nrs. 10 en 17 is afwesig. Hulle is na die distriks-geneesheer.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons is nog besig met paragraaf 6.9 van BEWYSSTUK M2. By hierdie kongres in 1984 se begin waar u ook was, het u gesê daar is bespreek die kwessie van affiliasie van AZAPO met UDF. -- Dit is so.

En dit is reg u het die antwoord gegee op die vraag (10) van my of hierdie vergadering van 11 November 1983 bespreek is op die kongres? -- Ja, ek dink so.

Afgesien van die kwessie van affiliasie, ons vergeet dit nou eers, op die kongres is die kwessie van samewerking tussen AZAPO en UDF bespreek? -- Ek kan nie direk aan 'n persoon dink of 'n direkte bespreking daarvan onthou nie. Dit wil sê die samewerking nie, maar daar was wel melding gemaak soos dit hier bevat word in hierdie dokument. Dit is aangaande die "compromise". Die dokument is M2.

HOF : Paragraaf 6.9? -- Dit is korrek. Dit was op daardie (20) manier gestel deur iemand daar en die reaksie daarop was negatief. Die meeste van ons het dit duidelik gemaak dat dat prakties onmoontlik is.

MNR. FICK : Praat ons nog steeds van dieselfde ding, naamlik samewerking tussen UDF en AZAPO? -- Ja, dit is so.

Waarom het u gevoel dit is prakties onmoontlik? -- Die rede was die siening van die twee organisasies verskil.

Het julle bespreek op hierdie kongres samewerking oor aspekte wat beide organisasies teen is naamlik byvoorbeeld die Swart plaaslike besture? -- As ek nie verkeerd is nie (30)

op/...

op daardie tydstip was dit alreeds verby. Dit wil sê die verkiesings was al verby. In die praktyk was dit nie meer in ons weg gewees dat ons dit moet kan bespreek nie.

Maar die Koornhof wette het tog bestaan, die Swart plaaslike besture het reeds bestaan op daardie stadium en julle was gekant daarteen, julle het gesê hulle is "puppets"? -- Ja, dit is reg. Dit het nog bestaan en ons was gekant gewees, maar ek glo daaraan dat daar wel iets gesê was aangaande dit. Ek het geantwoord op u vraag met betrekking tot die samewerking tussen die twee organisasies, dat dit nie prakties(10) moontlik was om teen die BLA te kan saamwerk nie, want die verkiesings was alreeds verby.

Was daar op hierdie kongres 'n definitiewe besluit geneem of julle nou saam gaan werk met die UDF op sekere aspekte en of julle glad nie gaan saam werk met UDF nie? -- Wat die affiliasie betref, onthou ek direk dat ons gesê het ons gaan nie affilieer nie, maar wat die samewerking betref, onthou ek dat iemand iets gesê het aangaande die samewerking, soos bevat word by 6.9 en ek onthou dat ons antwoord daarop was in die meerderheid dat dit prakties (20) onmoontlik is. Ek kan nou nie presies onthou dat iets spesifiek gesê was en indien wel, wat die einde van die bespreking was of die uitslag op hierdie punt nie.

U in die Vaal en die ander takke van AZAPO, dit was uiters belangrik om te weet wat die kongres se beslissing hieroor is, of julle mag saamwerk of nie mag saamwerk nie. Stem u saam? U wil nie die Hof in u vertrouwe neem nie? -- Nee, dit is nie so nie. Dit is nie 'n kwessie van dat ek nie die Hof in my vertrouwe wil neem nie. Ek wil net nie vir hierdie Hof iets sê waarvan ek nie seker is nie. Wat ek wel kan(30)

sê/...

sê is dat ons in die Vaal het die besluit geneem dat ons nie saam gaan werk nie.

Ek wil net vir die Hof se gerief verwys na BEWYSSTUK T3 die heel eerste bladsy heel onder die laaste paragraaf word na dieselfde stuk verwys, dieselfde beslissing. "A meeting was held between UDF Transvaal and AZAPO on 11 November 1983. AZAPO said that they decided not to affiliate to UDF. They will, however, co-operate with the UDF on issues which do not compromise the principles." Stem u saam dat Ishmail Nkabela was in 1984 verbonde aan AZAPO? -- Dit is so. (10)

Was hy toe die president of wat was sy posisie? -- In 1984 was hy die voorsitter van die Soweto tak.

Ek wil aan u die dokument identifiseer. Dit is 'n transkripsie van, die opskrif is "16th of June Commemoration Regina Mundi 1984. Dit is V10.

HOF : Hoekom moet die getuie dit identifiseer? Was hy daar?

MNR. FICK : Ek wil net sekere vrae aan hom stel oor wat Nkabela sou gesê het. Weet u of Ishmail Nkabela te Regina Mundie 'n 16 Junie herdenkingsdiens toegesprek het? -- Nee.

Ek wil aan u voorlees en stel wat hy gesê het op (20) hierdie vergadering.

HOF : Hoe help dit ons as hy nie daar was nie en hy weet nie eers of die man gepraat het nie?

MNR. FICK : Ek wil aan hierdie getuie stel wat die man gesê het as aanloop en dan aan hom stel wat hierdie man van die bestuur van AZAPO in 1984 is strydig.

HOF : Sê vir hom ons het die video in die hof vertoon.

Hierdie is die transkripsie van die video. Daar het u dit en dit gehoor. Wat sê u daarvan, dan is dit mos makliker?

MNR. FICK : U het geluister na die transkripsie van V10 (30)

(Hof/...

... (Hof kom tussenbei)

HOF : h Mens luister nie na h transkripsie nie, jy lees dit gewoonlik.

MNR. FICK : Die video wat vertoon is in die hof van 16 Junie herdenkingsdiens in Regina Mundi 1984? -- Ja, maar op die huidige oomblik kan ek nou nie meer onthou wat daar gesê word nie.

Ek wil aan u stel dat hy gesê het, soos u gehoor het hier in die hof "We have used our minds to the extreme and our coming together under one roof has been willingness of (10) isolating an enemy and concentrate our efforts against him. There have been many obstacles cast on our efforts, but the latest has been the pamphlets which have been distributed around Soweto which are purportive" en dan die belangrikste "I want to stand and refute here very categorically that we know what we are up to, we know what our enemy is. We are in no way going to fight for small things, tribal things, trivial things. We are fighting for the recompense of our country and on that we are all united." Dit, soos in die video getoon is, het hy gesê op 'n vergadering waar die (20) ander sprekers, die oorgrote deel UDF sprekers was soos Dan Montsisi, Frank Chikane, Eerwaarde Lebomang Sebidi wat die voorsitter was? -- In antwoord op die stelling sal ek die volgende sê. In die eerste plek, die herdenkingsdiens was gehou te Soweto en Nkabela was destyds die voorsitter van die Soweto tak van AZAPO. Wat daar na verwys word is h pamflet wat hy daar na verwys in hierdie toespraak van hom ten opsigte van die laaste gedeelte wat aan my gestel word en hy, wat Nkabela is, sou nie namens die hele AZAPO daar h toespraak gaan lewer het en gaan sê wat AZAPO se houding (30) is/...

is as 'n persoon nie.

Maar is dit nie so dat AZAPO amptenare en bestuurslede het toestemming nodig van AZAPO om te gaan praat op vergaderings waar ander organisasies ook betrokke is nie? -- Ja, dit is reg. U praat nou daar van die besturende komitee. Ek het alreeds aan u gesê dat Ishmail Nkabela het nie op daardie komitee gedien nie.

Enige AZAPO lid, indien hy 'n vergadering wil gaan toespreek van ander organisasies as 'n AZAPO "official", soos hier gestel word op bladsy 4 "That in public the AZAPO (10) official has declared (dan is daar 'n onhoorbare woord) 'n fraudulent act, but this type of act is not going to succeed to divide the people of this country." Wanneer 'n AZAPO "official" op 'n vergadering van ander organisasies praat, stel ek dit aan u, kan hy dit nie doen sonder dat hy die goedkeuring gekry het van AZAPO om veral 'n stelling te loop maak soos "We are fighting for the recompense of our country and on that we are all united" nie? -- In antwoord op die vraag sê ek eerstens, dit was 'n herdenkingsdiensvergadering wat gehou was te Soweto en destyds was Ishmail Nkabela die (20) voorsitter van die Soweto tak van AZAPO. Hy was nie 'n lid van die besturende komitee nie. Dus kon hy nie namens die besturende komitee daar iets gaan sê het of die besturende komitee te gaan verteenwoordig daar nie en hy was daar as 'n gewone lid. Dit wat hy daar gesê het, kon hy nie namens die hele AZAPO gesê het nie.

HOF : Beskuldigde nr. 17 is terug.

MNR. FICK : Moes Ishmail Nkabela nie amptelik namens AZAPO gaan verduidelik oor 'n sekere pamflet wat uitgegee is, dat dit nie AZAPO se werk is hierdie pamflet nie? -- Ek weet (30) nie/...

nie, ek woon nie in Soweto nie. Ek was ook nie teenwoordig by hierdie vergadering nie. Ek weet nie eers of dra nie eers kennis van daardie pamflet nie.

Ek wil dan met u oorgaan h volgende dokument. Dit is BEWYSSTUK V3. Hierdie is h transkripsie van h video wat in die hof vertoon is. Die opskrif van die transkripsie is "UDF AZAPO protest meeting in respect of students killed at Ngoya University, Khotso House, 29/10/83." Die sprekers daar is soos u gesien het was van SOYCO AZAPO Muntu Myeza, beskuldigde nr. 19, en h persoon van ABRESCA, Frank Chikane(10) van UDF, Herbert Barnabas van SAAWU, Tigo Moseneke van AZASO, Siphon Radebe van CUSA en Brendin Barry van NUSAS.

HOF : Ek is nie so seker dat dit bewys is dat dit Siphon Radebe was of dat hy van CUSA was nie en ek is nie seker dat dit bewys is dat dit Brendin Barry is nie.

MNR. FICK : Ek sal dit dan uitlaat. Die video is hier in die hof vertoon en daarvolgens het die sekretaris-generaal van AZAPO, ek verwys na bladsy 5, mnr. Muntu Myeza, voorgestel as die eerste spreker. Ek stel aan u hier het hy ook gesê dat "We of the Azanian People's Organisation felt it (20) encumbent upon us to come and join hands with all those people present here today as represented through the various organisations." Dit is bladsy 6 die tweede paragraaf. "To express our concern and disgust at the actions of Inkatha movement which is led by the Frankenstein of Pretoria, Chief Gatsha Buthelezi." Nou stel ek aan u dat dit wel AZAPO se beleid was om te kom praat op vergaderings saam met enige organisasie sover dit aspekte aangaan wat AZAPO en daardie organisasies h belang by het. -- Ek was nie daar teenwoordig gewees nie, maar wat ek wel aan u kan sê is dat hierdie (30)

voorval/...

voorval van Ngoya is 'n voorval wat die hele gemeenskap geraak het. Die vergadering wat daar gehou was, was gehou met die oog "to condemn" wat daar plaasgevind het en nie om iets te gaan beplan nie. Dit was eintlik daar gewees, die mense het simpatie gaan toon vir die kinders wat gedood is daar.

HOF : Dit lyk vir my of dit darem 'n bietjie verder gaan.

Hy sê, as jy 'n paragraaf oorslaan "Further to that, we wish to say (dit is nou we, of the Azanian People's organisation) that for us in the Black Consciousness movement it is events such as these that show to us, demonstrate to us unequi- (10) vocally the need for Black solidarity, to overcome the evils the White racist minority regime as visited upon the Black people of this country." -- Dit is duidelik daar dat die

spreker is 'n lid van 'n organisasie wat aan die Swartbewussyn behoort. As dit iemand anders was wat nie daaraan behoort nie, sou sy toespraak nie op hierdie manier gewees het nie.

MNR. FICK : Ek stel aan u, hier word 'n oproep gedoen deur Muntu Myeza van AZAPO op hierdie vergadering wat hy saam met die bestuurslede van UDF gehou het vir "Black solidarity" teen die, wat hy noem "the White racist minority regime" en (20) hierdie oproep, stel ek aan u, is gemaak onder andere aan UDF? -- nee, ek sal dit heeltemal verskillend vertolk. My verduideliking daarvan is dat die beroep wat hy maak aan UDF, of dat dit gemik is op UDF is dat los julle die beleid van julle wat julle volg, kom julle saam en sluit aan by die Swartbewussynsorganisasies om die "Black" solidariteit te toon.

Dan wil ek dit verder aan u stel op bladsy 6 waar daar ook gesê word "We in AZAPO and the Black Consciousness movement know and recognise the fact that in any given society (30) there/...

there will be different approached to what the attainment of the best that there is in life and with particular reference to our struggle in this country we accept that there are various people, various groupings that have different approaches. What we do say is that the viability of those approaches will be determined by the achievement that those methods are able to muster." Ek stel aan u hier word gesê AZAPO erken daar is verskillende groepe met verskillende idees in die gemeenskap en dat hierdie groepe almal moet saam kom teen die Wit "racist regime", soos dit gestel word? (10) -- Kyk, ek weet nie of u vertolking daarvan is wat op daardie dokument gesê word nie, maar u het iets gesê van "tyd" en u het dit nou nie genoem nie, maar ek het nie die dokument voor my nie.

Ek sal myne aan u toon.

HOF : Wat is u nou besig mee, mnr. Fick? Wil u met die getuie die interpretasie van 'n dokument debatteer wat 'n transkripsie is van 'n video van 'n vergadering waar die getuie nie eers was nie? Hoe help dit my? Ek kan self vertolk wat hier staan. Ek kan self my afleidings maak (20) oor wat mnr. Myeza gesê het by die vergadering.

MNR. FICK : Ek sal dit dan daar laat. Ek wil dit net ook aan u stel dat AZAPO van sy kant het nie net hierdie vergadering bygewoon nie, maar hy het weer die klomp organisasies, onder andere UDF daar teenwoordig, genooi na 'n vergadering wat hy gereël, het soos op bladsy 8 weergegee word? -- Ja, dit was met die oog daarop om "to condemn" wat vir hierdie gemeenskap verbasend was. Dit was die voorval wat plaasgevind het.

Ek stel dit aan u AZAPO het dit gedoen om te wys daar (30)

is/...

is eenheid, "solidarity" onder die organisasies teen die Blankeregering en sy instellings soos Inkatha in tuislande?

-- Om bymekaar te kom met die oog daarop om te "condemn" wat plaasgevind het deur die gemeenskap beteken nie dat die beleid van AZAPO verander is nie.

HOF : Nee, maar die hele debat gaan nie oor die beleid van AZAPO nie. Die debat gaan oor samewerking met die behoud van beginsels.

MNR. FICK : Kan ek dit vir u so stel dat van UDF se kant af met hierdie diens wat gehou is en van AZAPO se kant by (10) die diens waar hy UDF se mense uitgenooi het, wou beide organisasies aan die wêreld toon, dit was die bedoeling daarvan dat ons staan saam in hierdie stryd teen die "White racist regime" se instellings en alhoewel ons ons eie beleid nog het, kan ons saam werk? -- Dit is nie hoe ek dit verstaan nie.

HOF : Dit is nie hoe u wat verstaan nie? -- Dat hierdie organisasies daar bymekaar gekom het met die oog daarop om solidariteit te vertoon. Die organisasies het daar bymekaar gekom met die oog daarop om wat plaasgevind het te bespreek. (20) Meer as dit, sien ek geen ander rede vir die hou van hierdie vergadering nie.

U het in antwoord êrens gesê dat ons in die Vaal het besluit om nie saam te werk nie. Wanneer is daardie besluit geneem? -- Dit is sedert die jaar 1983 terwyl ons die kampanjes uitgevoer het teen die verkiesings van die BLA. Ons het nie daardie houding verander nie. Ons het daardie houding net so gehou.

As ek u getuienis reg verstaan het u gesê u was in die veld voor die stigting van die VCA. In die veld bedoel ek (30)

u/...

u het al besluit op optrede of begin optree voor die stigting van die VCA? -- Ja, dit is so.

En toe die VCA gestig is, het julle toe h besluit geneem dat ons nie met hulle saam gaan werk nie? -- Nee, dit is voor ons geweet het van die VCA. Ons het hierdie besluit geneem met die oog daarop dat indien daar enige organisasie gaan wees wat geaffilieer is aan UDF gaan ons nie saam met daardie organisasie werk nie. Tydens die uitvoering van ons kampanje het ons toe bewus geword van die VCA, maar ons het nie saam gewerk nie. (10)

Is daar daarna enige besluit na die een of die ander kant oor die onderwerp geneem sedert Oktober 1983? -- Nee, ons het dit net so gelaat.

MNR. FICK : En hierdie besluit, was dit h amptelike besluit van die komitee van AZAPO Vaal? -- Ja, dit is so. Dit was met die verkiesing van die "executive" op 2 Oktober.

HOF : 1983? -- Ja, 1983.

MNR. FICK : Was dit algemeen bekend aan al die bestuurslede wat daarna ook kom dien het op die tak, die bestuur van AZAPO Vaal tak? -- Dit het ons bespreek in h openbare ver-(20)gadering, waar die besluit geneem was en ek het dit ook duidelik gemaak by verskillende vergaderings waar ek toesprake gelewer het.

Was die feit dat julle op 2 November 1983 so h besluit geneem het in AZAPO Vaal oorgedra aan IC.8 toe hy op die bestuur kom dien het? -- Tydens my werf van IC.8 het ek UDF met hom bespreek, maar in die loop van die tyd het ek hom meer vertel van die Black Consciousness, dit is die AZAPO.

Nee, maar antwoord net die vraag. Die vraag is vandat IC.8 op die bestuur begin dien het van AZAPO Vaal, het u hom(30) ingelig/...

ingelig van hierdie besluit van julle komitee van 2 Oktober 1983 dat julle nie saam werk met organisasies van UDF nie? -- Ek het hom gesê. Voor hy eintlik daar gekom het, dit is terwyl ek hom nog gewerf het, het ek dit aan hom duidelik gemaak wat die siening is van AZAPO aangaande die UDF. Ek kan net nie onthou of ek hom spesifiek gesê het van hierdie resoluëie van 2 Oktober 1983 nie, maar ek het hom wel gesê van AZAPO se houding teenoor UDF.

Ek wil dit aan u stel u weergawe dat julle in die AZAPO tak op 2 Oktober 1983 so 'n besluit geneem het soos u sê (10) is vals? -- Ek sê dit is nie vals nie, dit is die waarheid en ons was by geen plek waar ons nou bymekaar gewerk het nie.

Toe IC.8 getuïenis gegee tot die teendeel dat hy by 'n vergadering was waar besluit is daar gaan saam gewerk word deur AZAPO en die organisasies in die Vaal, wil ek dit aan u stel dit is nooit aan IC.8 gestel dat daar was 'n ander besluit geneem deur AZAPO bestuurskomitee nie? -- Dit was aan IC.8 gestel dat daar geen so 'n vergadering was nie. Ek neem aan as 'n mens dit so ontken sluit dit alles in dat daar nie 'n gesprek kon gewees het as die vergadering nie (20) daar was nie.

Ek wil met u oorgaan na 'n volgende dokument, W9 volume 2. Net voor ek die dokument aan u stel, wil ek net nog een aspek opklaar by u. Was u bewus in AZAPO dat IC.8 lid was van VCA? -- Nee.

HOF : Het u nie geweet dat hy op 'n openbare vergadering as 'n gebiedsvertegenwoordiger aangewys is nie? -- Nee.

MNR. FICK : Het u geweet hy was 'n voorsitter van 'n openbare vergadering van die VCA? -- Nee.

HOF : Waar was die vergadering? (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : My geheue sê vir my dit was 19 Februarie se vergadering.

MR BIZOS : That is correct, Zone 12.

MNR. FICK : Het u en AZAPO sedert die stigting van die VCA tred gehou met wat hulle optrede en beplanning en besluite was in die Vaal? -- Ons was nie in kennis gestel van die stigting van die VCA nie.

Nee, na VCA se stigting, het u in AZAPO tred gehou met wat VCA maak, watter kampanjes hy aanpak, watter vergaderings hou hy, waaroor gaan sy vergaderings? -- Nee, al wat ons (10) geweet het was dat dit 'n geaffilieerde is van UDF. Dat hulle vergaderings gehou het ek al gesien. Dit was tydens die kampanje wat hulle uitgevoer het vir die verkiesings.

U is nou 'n man wat aktief is in die politiek in die Vaal. Het u nie gaan navraag doen en nalees oor wat gebeur op hierdie vergaderings nie? Wat is hulle standpunt oor sekere sake nie? -- Ek sê hy het daarvan bewus geword dat hulle aan UDF geaffilieer was en as hulle nou geaffilieer is by UDF dan is daar geen plek waar ek met hulle in aanraking sal kom nie. (20)

Hoe het u geweet hulle is geaffilieer met UDF? -- Ek het daarvan gehoor.

MR BIZOS : My Lord, I have been corrected, it is not Zone 12, it is Zone 7 19 February.

MNR. FICK : Nou wil ek dit net laastens aan u stel oor hierdie aspek dat IC.8 sou nooit met die kennis wat u sê hy het, naamlik dat AZAPO wil niks met VCA te doen hê, met hulle saamwerk nie, sou hom nooit gaan verkiesbaar stel het as 'n lid van VCA in dieselfde gebied as waar AZAPO is waar hy 'n bestuurslid is nie en hy sou mog minder op 'n openbare (30) vergadering/...

vergadering gaan optree as voorsitter? -- Ek sê ek was nie daarvan bewus nie. Ek het vir die eerste keer hier in die hof gehoor dat IC.8 'n lid was van VCA. Hoekom hy dit gedoen het, weet ek nie.

Nou wil ek met u oorgaan na BEWYSSTUK W9 volume 2. Stem u saam dat Roy Halim is lid van AZAPO in Soweto? -- Ek ken nie die persoon nie.

Ek sal net die dokument identifiseer. Dit is 'n "working progress." Daar is 'n nr. 35 skynbaar 1985 en ek wil handel met die artikel wat begin op bladsy 12 en 'n aanloop tot (10) bladsy 17, getiteld "UDF and AZAPO Evaluation and Expectations."

Ek wil meer spesifiek verwys na bladsy 16. Net vir rekord-doeleindes. Hierdie is 'n onderhoud wat gevoer is met beskuldigde nr. 20 en volgens die artikel die nuwe AZAPO president Ishmail Nkabela. -- Ek wil hierdie ding mooi duidelik stel. Ishmail Nkabela het 'n president geword van AZAPO na my arrestasie. Dit wil sê dit sou plaasgevind het in die kongress wat gehou is in Desember 1984 of Januarie 1985.

Maar ek wil net aan u stel wat die houding is wat hier gesê word. In die eerste kolom die laaste paragraaf wil ek (20) vir u lees "Nkabela and other national officials regularly attend meetings of the Vaal Civic Association Sebokeng as an act of solidarity and to take the opportunity of sharing perspectives with them. He and his fellow office bearers are all members of the Soweto Civic Association or their local equivalents and some provide leadership at branch level." Kan u die korrektheid hiervan ontken? -- Ek weet nie hiervan nie.

Weet u dat Nkabela "and his fellow office bearers are all members of the Soweto Civic Association or their local (30) equivalents/...

equivalents"? -- Ek weet nie daarvan nie, of hulle nou lede is van die Soweto Civic Association en die gelykstaande daarvan sal ek nie kan sê nie.

HOF : Ons het netnou by u gehoor dat iemand, ek dink George, iemand met die naam van George was wel 'n lid, 'n AZAPO persoon was wel 'n lid van die SCA, Soweto Civic Association ? -- Nee, as ek reg onthou het ek gesê hy was 'n lid van die Committee of Ten. Ek weet nie of hy 'n lid was van die Civic Association nie.

Weet u of Nkabela 'n lid was van die Civic Association?(10)
-- Nee, ek weet nie.

MNR. FICK : Dan sê Nkabela verder op dieselfde bladsy die tweede kolom bo-aan "True, Nkabela agrees issues tackled on the civic level are not the same as those that concern us at a national or political level, but we see it as our duty to infuse political implications and perspective into civic matters." Het u dit gelees? -- Ja, ek het dit gelees en ek verstaan wat hy daar sê, maar wat ek nie weet nie is van watter tyd hy praat, waaroor hy praat en dat hy sê op watter tydperk is dit van toepassing. (20)

Ek sal net die volgende paragraaf ook vir u lees en dan sal ek daarvoor vrae vra. Onder die opskrif "Relations with UDF" nog steeds op bladsy 16 die tweede kolom "Asked about relations with UDF he says that in some recent campaigns such as those against the town council elections and the tri-cameral parliament AZAPO has when feasible for example in Nelspruit Eastern Transvaal shared a platform with the UDF" en dan verder "and on other civic issues we rub shoulders and work with them. At that level it is the issue that is important. If an issue affects the whole community there(30)

is/...

is not a UDF Zone and an AZAPO Zone." Het u dit gelees? --
Ja, ek het.

Nou wil ek aan u stel dat hierdie paragraaf reflekteer die posisie soos dit nog altyd tussen AZAPO en UDF was op "issues", soos hulle sê, wat hulle almal raak, werp hulle saam. Hulle beskou dit nie dat daar n UDF en n AZAPO aparte streke is nie? -- Ek weet nie wanneer en waar word hierdie dinge gesê nie en waar het dit eintlik plaasgevind nie. Wat ek sê, dit het nie in die Vaal plaasgevind nie.

Maar stem u saam dat wat hierso staan waar gesê (10)
word "some recent campaigns such as those against the town council elections" wat ons nou weet in 1983 was het AZAPO ook saam gewerk met UD? Stem u saam dit is direk strydig met wat u gesê het op die kongres besluit is? -- Ja, dit is so, maar soos ek sê, dit het nie in die Vaal gebeur nie en die kongres het daarteen besluit omdat ons gesê het die einde van die hele ding is dat dit prakties onmoontlik is dat dit kan gebeur.

Net n laaste aspek, op watter gronde sê u dat dit prakties onmoontlik is vir UDF of sy geaffilieerdes om (20)
saam met AZAPO te werk soos hier gesê word, "on issues affecting the whole community"? -- Dit is omdat ons nie dieselfde siening het nie. Hoe ver waar dit is wat in hierdie paragraaf bevat word, weet ek nie.

Maar UDF en AZAPO het tog dieselfde siening oor die Swart plaaslike besture. Sal u daarmee saamstem? Nie een van die twee wil graag plaaslike besture hê nie. Hulle erken nie die stelsel nie? -- Ek is nie n lid van UDF nie. Dat hulle wel teen die BLA is, stem ek saam, maar hoe hulle nou werk aangaande hulle kampanje of wat hulle wil uitvoer (30)
teen/...

teen die BLA, is nou n ander storie.

Ek wil ook aan u stel dat BEWYSSTUK 25 en die transkripsie BEWYSSTUK V29, dit uit die transkripsie blyk dat Libon Mabaso en Satch Cooper het in daardie transkripsie die gebeure wat u sê wat plaasgevind het in 1983 gesê dat UDF en AZAPO werk daaraan om te kan saam werk. Hulle onderhandel om te kan saam werk. Ek kan miskien net verwys na volume 219 van die notule bladsy 11 597 waar hierdie aspek behandel word en dan word daar gesê "We believe in certain principles and we are in the process of discussing(10) with the UDF right now. Some of those things which we believe can be sorted out." -- Dit was in 1983 gewees en ek het hier in die hof gesê dat terwyl ons by die kongres was was daar n verslag gemaak dat daar n gesprek uitgevoer is tussen UDF en AZAPO.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Stap u nou af van W9?

MNR. FICK : Ek stap af van W9.

MNR. JACOBS : Ek het nou gekyk in die getuienis van IC.8. Daardie vergadering van die 19de was in die Rooms Katolieke Kerk gewees en dit is te Small Farms. Dit is bladsy 764.(20) Die plek se naam is hier nie, maar die venue is Rooms Katolieke Kerk. Dit is volume 16 bladsy 764.

MNR. FICK : Die Vaal Student Movement of Azania, ken u so n organisasie? -- Nee.

Ek wil aan u stel BEWYSSTUK AN2, dit is die konstitusie van die Vaal Student Movement of Azania is in u besit gekry? -- Ja, ek sal u n antwoord daarop gee. Ek weet nie van die organisasie self nie, maar daardie grondwet wat u van praat wat in my besit gevind was, is korrek. Dit was by my afgelewer tesame met n brief. Ek was nie tuis nie. Die (30) persoon/...

persoon wat dit afgelewer het, het dit daar gelaat. Ek het nie met daardie persoon enige gesprek uitgevoer nie. Dit is hoe ek in die besit gekom het. Die persoon wat dit daar kom aflewer het, nadat dit afgelewer was deur die persoon, het die persoon die volgende dag vertrek na Turfloop toe. Dit wil sê skool toe.

Wie is dit? -- Tsepo Sibuse.

Wat is die doel van die brief? Is u genooi na 'n vergadering toe of wat? -- Hy het my ingelig van die beoogde stigting van hierdie tipe organisasie. (10)

En was u genooi? -- Nee, ek was nie genooi nie. Hy het my net ingelig dat hulle van voorneme is om so 'n organisasie te stig.

HOF : Wanneer het u AN2 gekry? -- As dit die een is wat omtrent hierdie organisasie handel, dink ek ek het dit in Julie of Augustusmaand gekry.

1984? -- Ja.

MNR. FICK : Dan wil ek net een stelling maak. Ek stel aan u dat u kan nie betwis dat daar op hoë vlak onderhandel was tussen UDF en AZAPO en dat dat daar besluit was uiteindelik(20) dat hulle sal saam werk nie? Dit is oor aspekte wat vir beide raak en wat nie teen enigeen van die twee se beleid is nie? -- Ek het alreeds aan u gesê dat ek nie 'n lid is van die komitee wat u na verwys nie. Ek het u gesê wat die houding was van die lede was in die Vaal.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 25 MEI 1987.